VINNIGE VRAE

aan Hilda Smits

Het jy 'n hoekie of vertrek in jou huis of elders waar jy verkies om te sit en skryf?
Ek trek nogal rond en hou daarvan om naby 'n venster te sit. Daar was verlede somer 'n kraaines in een van 13 dennebome wat voor ons huis staan. Vandaar al die luidrugtige kraaie in *mag die diep slaap jou dan.*

Moet dit stil wees? Of moet daar byvoorbeeld musiek in die agtergrond speel?
Ek verkies stilte en skryf gewoonlik in die vroeë oggendure.

Is daar ander kunssoorte wat jou tot skryfwerk, of in die skryfproses, stimuleer?
Ek gebruik soms visuele stimuli, veral skilderye en foto's.

Wat is jou gunstelingboek of 'n onlangse leeshoogtepunt?
Bruno Schulz se *The Street of Crocodiles* bly 'n gunsteling.

As dié boek 'n maaltyd was, wat sou dit wees?
In Schulz se eie (vertaalde) woorde: "blink pienk kersies vol sap onder hulle deursigtige velle … geheimsinnige appelkose in wie se goue pulp die kern van lang middae lê. En naas daardie suiwer poësie van vrugte, vleis … soos 'n sleutelbord van ribbes geswel met energie en krag …"

Wat is jou gunstelingfliek wat op 'n boek gebaseer is?
Shadows of Forgotten Ancestors deur Sergei Parajanov is 'n visuele fees.

Skryf jy soms eerste weergawes van jou werk op papier of werk jy direk op die rekenaar?
Ek skryf 'n gedig altyd eers op papier, gewoonlik in landskapvorm, oor en oor totdat ek haar essensie vasgevang en sy (genoeg) lyf het. Daarna neem sy haar finale vorm op die rekenaarskerm aan.

Lees jy resensies?
Met 'n knippie sout, ja.

Wie is jou gunsteling- fiktiewe karakter(s)?
Enige vrouekarakter in 'n Ingmar Bergman-fliek. Die Vader in *The Street of Crocodiles.* Gregor Samsa. Tereza in *The Unbearable Lightness of Being.* Rufus in *A Death in the Family.* Deesdae *Winnie the Pooh* ook.

Waar het jy grootgeword?
Venterskroon, Parys, Hoedspruit, Thabazimbi, Rustenburg, Klerkskraal, Welverdiend, Potchefstroom.

Speel plekke wat jy besoek of beleef 'n rol in jou skryfwerk? Is daar enige plekke wat jy wil uitsonder?
Die plekke waar ek myself bevind (of bevind het) raak onlosmaaklik deel van my en dus ook van my skryfwerk. Venterskroon se berge spook deesdae by my.

Hilda Smits

"EK SKRYF 'N GEDIG ALTYD EERS OP PAPIER, GEWOONLIK IN LANDSKAPVORM, OOR EN OOR TOTDAT EK HAAR ESSENSIE VASGEVANG EN SY (GENOEG) LYF HET."

Soos Virginia Woolf skryf: "Memory is the seamstress, and a capricious one at that … Thus, the most ordinary movement in the world, such as sitting down at a table and pulling the inkstand towards one, may agitate a thousand odd, disconnected fragments, now bright, now dim, hanging and bobbing and dipping and flaunting, like the underlinen of a family of fourteen on a line in a gale of wind."

Het jy 'n vaste roetine en mikpunte vir skryf?
Ek stel my wekker vir vieruur elke oggend, maar dis ongelukkig maar 'n *hit*-of-mis-affêre.

As jy nie geskryf het nie, waarmee sou jy graag daardie ure verwyl?
Met presies wat ek nou doen – as 'n ma, psigoterapeut, kompulsiewe drawwer.

Wie is jou gunstelingskrywers?
Franz Kafka is 'n gunsteling. Beelddiewe soos Aracelis Girmay, Larry Levis, Federico Lorca, Rainer Rilke, Frank Stanford. Primo Levi se *If This Is a Man.* Gilbert Gibson, Antjie Krog en Gert Vlok Nel se digbundels voel soos ou vriende.

Is daar enige skrywers wat 'n groot invloed op jou werk gehad het?
Ek het Henry Miller en Charles Bukowski in my vroeë 20's ontdek en hulle het my gehelp om bietjie te "ontdopper". Visuele skrywers soos Schulz en Lorca (veral sy New York-gedigte) het vir my gewys hoe beeldryk 'n mens kan skryf. James Agee se *A Death in the Family.* Iets van kindwees en verlies.

Watter soort boeke (genres) lees jy die meeste en hoekom?
Outobiografiese briewe en dagboeke van skrywers. Iets van die idee van skrywerwees.

Wat lees jy op die oomblik?
Ek het ongelukkig 'n kort aandagspan en peusel eerder as eet. Op die oomblik lees ek plek-plek aan Natalie Diaz se digbundel *Love Poem,* die gesinsterapeut Richard Schwartz se *Internal Family Systems,* weer Kafka se *Letters to Friends, Family, and Editors* en *My Monticello* deur Jocelyn Johnson, asook Jolyn Phillips se *Bientang.*

Watter raad het jy vir jong of ongepubliseerde skrywers?
My gedigte is oor die jare telkemale afgewys deur uitgewers. Iets om in retrospek eintlik baie dankbaar voor te wees.

As jy vir jou jonger self raad kon gee, wat sou dit wees?
Soos die tante met die *posh* Britse aksent elke oggend op my *mindfulness app* sê: "Breathe." **T**

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. In die Vinnige vrae-*reeks leer ons telkens een van ons lede van naderby ken.*